

•Refrigeration •Air-conditioning



Onderhouds en diens skedule

INLEIDING

Daar is eenvoudig nie iets soos 'n onderhoudsvrye lugversorger nie! Dit is 'n baie belangrike punt om te maak, sodat wanneer daardie verkoopsman vir jou vertel dat jou lugversorger geen diens of onderhoud gaan nodig hê nie, jy weet dat hy bollie praat.

Sommige onderhouds aktiwiteite moet deur die eienaar gedoen word, terwyl ander eerder vir die professionele ouens gelaat moet word.

EIENAAR ONDERHOUDS TAKE

Vervang maar gerus die afstandbeheer se batterye wanneer hulle pap word. Maak ook die filters op die binne-eenheid gereeld skoon.

Verwys asseblief na die eienaarshandleiding oor hoe om dié takies te voltooi.

AJW TECHNICAL ENTERPRISES SE DIENS SKEDULE

Na regte behoort jy jou lugversorger twee keer per jaar te laat diens. Verkieslik in herfs, en dan weer aan die begin van somer. Wanneer ons jou lugversorger kom diens, gaan ons die volgende doen:

- Soek vir verkoelingsmiddel lekplekke (ons gebruik elektroniese toerusting en seepwater vir die doel)
- Toets die druk van die verkoelingsmiddel
- Maak seker dat beide die waaier binne, en buite korrek werk
- Maak die buite eenheid ("Condensor") skoon
- Toets die stroom verbruik van die kompressor
- Maak seker dat die omswaai-klep korrek werk (op hitte-pomp modelle alleenlik)
- Gebruik 'n stofsuiers om die kondensaat pyp skoon te suig (Goggas maak nes en verstop soms dié water-afvoer pyp)
- Toets die afstandbeheer se batterye en maak aanbevelings in dié verband
- Maak die filters van die binne-eenheid skoon
- Maak die binne-eenheid se pyp-windings ("evaporator coils") skoon met 'n internasionaal erkende anti-bakteriese spuitmiddel.
- Maak seker dat al die bedrading in goeie toestand en korrek is.

•Refrigeration •Air-conditioning



- Maak seker dat die muurprop korrek bedraad en nog in goeie toestand is (wanneer die eenheid wel van 'n muurprop gebruik maak)
- Maak seker dat die muur-isolator skakelaar korrek werk (wanneer die eenheid wel van so 'n skakelaar gebruik maak)
- Kyk vir roes of korrosie en stel jou daarvan in kennis (op buite-eenhede)

LET ASSEMBLIEF DAAROP:

Eenhede wat **nie** deur ons ge-installeer was nie, word aan verdere toetse onderwerp, en sluit in, maar is nie beperk tot die volgende nie. Hierdie aktiwiteite is bo en behalwe die standaard diens en onderhouds kostes:

- Fisiese installasie standarde, soos die muur montering, bedrading standarde, e.d.m.
 - Jou veiligheid eerste!
- Toets vir lekkasies op die binne eenheid
 - Met ons installasie sny ons die koppelings af, en vervang dit deur die pype met kopersweiswerk te las (geen lekplek met hierdie metode nie).
- Toetse vir suur in die verkoelingsmiddel
 - Met ons eie installasies trek ons diep vakuüm, wat die vogneerslag binne die stelsel uitskakel. Menige installeerders besit nie eens 'n vakuümpomp nie, en na 'n tyd word die vog 'n suur wat jou pypwerk en kompressorwindings aanval.
- Isolasië toets op die kompressorwindings
 - Veral baie belangrik wanneer ons suur in die stelsel vind.

FINAL OPMERKINGS

'n Gereelde diens van jou lugversorger sal verseker dat jy jare-lange en moeitelose diens van die eenheid kan verwag. Lekkasies kan betyds opgemerk en reggestel word, wat ook weer jou deeltjie vir die natuur en omgewing beteken (sommige verkoelingsmiddels is skadelik vir die osoonlaag). 'n Behoorlik gedienste lugversorger is ook meer ekonomies om te gebruik, siende dat dit nie so hard hoef te werk (en baie krag te vermors) om jou gemak te verseker nie.

En natuurlik, waneer korrek voltooi, verminder dit die kans van 'n ontydige fout, wat gewoonlik sou voorkom waneer dit jou (en jou sak) die minste pas.